# Wat beteken Jesus se HEERskappy? Omgeegroepe 26 Jul–1 Aug 2015

**1. Lief en Leed** Deel julle lief en leed met mekaar, met die oog op gebed en bemoediging.

**2. Ingenooi in God se rus en tyd** Raak doelbewus rustig in God se teenwoordigheid. Ervaar die saamwees in sy teenwoordigheid, en bid saam vir die hoor van sy stem uit die Woord.

**3. Luister na God se Woord** Lees 1 Korintiërs 12:1-3 aandagtig. Dit is die inleidende gedeelte wat handel oor die verskeidenheid van gawes en die eenheid van die liggaam van Jesus Christus.

**4. Luister na mekaar en die wêreld** Gesels oor wat verskillende mense vandag van en oor Jesus dink. Wat en hoe sou verskillende godsdienste/gelowe Jesus definieer?

**5. Luister nou weer na die Woord** Lees nou weer 1 Korintiërs 12:1-3. In hierdie verse kry ons 'n pertinente geloofsbelydenis: "Jesus is die Here!" Dié geloofsbelydenis staan teenoor die vervloeking wat sommige mense uitgespreek het: "Vervloek is Jesus". Let op die rol en die noodsaak van die Heilige Gees om te erken en bely dat Jesus die Here is. Voordat ons by die betekenis van hierdie geloofsbelydenis kom, moet ons dalk eers probeer verstaan wat die moontlike implikasies was om Jesus te bely of te vervloek.

Daar het destyds 'n tradisie ontstaan dat die Romeinse Keiser vereer is as 'Kurios' – Here. Die keisers het aanvanklik nie hulleself as gode verklaar nie, maar wel hulle gestorwe vaders en hulle was dan 'seuns' van God. Later het hulle hulself as god laat vereer. Kurios beteken Here of Meester of Eienaar. In die tyd van die vervolging van die Christene is gelowiges gedwing om die keiser (Caesar) as Here (Kurios) te bely. Indien hulle geweier het, is hulle doodgemaak of gemartel. Vir gelowiges was dit egter problematies omdat ons glo dat Jesus die Here is en geen ander mens nie. Teen hierdie agtergrond skryf Paulus dan die skrifgedeelte wat gaan om Jesus te bely as Here of te vervloek.

Die geskiedenis vertel vir ons van Polikarpus wat 69-155 n.C. 'n biskop in Smirna was. Hy is deur die Romeinse owerheid beveel om Christus te verloën en te vervloek. Indien hy nie wou nie, sou hy op die brandstapel sterf. Sy antwoord en belydenis was: "Ek dien die Here al vir 86 jaar, en Hy het my nooit enige skade aangedoen nie. Hoe kan ek dan nou my Koning, wat my gered het, vervloek?" Jesus is die Here! Polikarpus het onbeweeglik in sy geloof gebly, en omdat hy Christus nie wou vervloek nie, het hy 'n marteldood gesterf. Wat beteken dit dan om te bely dat Jesus die Here is? Behalwe vrymoedige getuienis soos Polikarpus onder alle omstandighede, beteken dit dat Jesus die Eienaar, Koning, Heerser van jou hele lewe is. Van elke aspek van jou lewe! Hy het die hoogste en absolute aanspraak op jou lewe, verhoudings, besigheid, ontspanning, geld, besittings, geleenthede, gawes, tyd, energie, ens.

**6. Fokus op wat God doen** God het jou gered deur die bloed van sy Seun Jesus Christus, die Here. Dit impliseer dat Jesus jou Redder én Koning is.

**7. Antwoord met ons lewe** As gelowige behoort ek en jy dan uit hierdie redding te lewe, deur in alle en elke aspek en moment van my lewe die aanspraak van Jesus – sy Koningsheerskappy in my lewe te erken, te bely en te gehoorsaam! Gaan leef voluit met die belydenis: Jesus is my Here!

**8. Bid nou saam** Dank die Here vir sy redding en loof Hom vir sy Heerskappy! Vra Hom om ons te help om sy aanspraak daagliks en orals gehoorsaam en dienend uit te leef.

**9. Administrasie** Maak seker van die groep se diensbeurte en ander reëlings van belang. Berei voor vir volgende week se nagmaal en dank die Here vir geslaagde uitreik na Volta a Biblia die Bybelskool in Mosambiek (Macia), vir die pragtige reaksie op die Winterprojek met die Barmhartigheidshouers en vir die geslaagde gholfdag laas Donderdag.